



ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 1 VAN 2022

17 Januarie 2022

Geagte Ouer/Voog, Leerder en Personeel

Welkom terug na die vakansie. Ons wens is dat 2022 vir almal 'n goeie jaar sal wees en dat ons 'n normale skooljaar kan hê.

1. Graad 8: 2022

Baie welkom aan ons graad 8's van 2022 en hulle ouers. Ons het 'n sterk groep van 192 leerders ontvang en met die intrapslag het hulle duidelik gemaak dat dit 'n groep is waarmee ons sal moet rekening hou. Ons is werklik opgewonde oor die bydrae wat elkeen gaan lewer om so te help bou aan ons skool waarop ons baie trots is.

Mag die volgende vyf jaar 'n spesiale hoofstuk in die lewe van elkeen van dië leerders wees.

Graad 8-klokseremonie: Hierdie geleentheid vind plaas op Woensdag, 19 Januarie omstreeks 08:00 die oggend.

2. Graad 12: 2022

Graag wens ons elke graad 12-leerder sterkte toe vir 2022. Dit is sekerlik die belangrikste skooljaar met gedagte die finale eindeksamen in November. Meer as dit, is dit ook dië jaar waartydens die leerder sy/haar stem werklik kan laat hoor. Ons Matrieks stel die voorbeeld en gee die toon aan by die skool. As groep skep hulle die klimaat waarmee ons almal graag sou wou identifiseer.

Die matriekjaar gaan verskriklik vining verby en as jy weer kyk, lui hulle self die seremoniële klok aan die einde van die jaar. Gryp elke dag en elke geleentheid en maak 2022 'n jaar wat ons nooit sal vergeet nie..... vir die regte redes 😊 natuurlik.

3. Kovid 2022

Ons is steeds in die wurggreep van Kovid. Logika dikteer dat die virus 'n permanente metgesel in ons daaglikse lewe gaan word.

Skool-protokolle: Ons gaan anders as verlede jaar ons daaglikse skandering na die hoofhek skuif en leerders skandeer soos hulle die terrein betree. Daarna plaas leerders hulle tasse by hulle voogklasse en versamel op die vierkant vir ons oggendbyeenkomste. Pouses en voor skool word die terrein steeds per graad ingedeel en leerders moet op die aangewese plekke pouse hou.

Ons huidige Kovid-19-statistiek is:

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek (2022)		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma
Dag							
Maand		JANUARIE					
Datum		10	11	12	13	14	17
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 Januarie 2022	3	3	3	3	3	3
	Herstel van Kovid-19	0	1	2	2	2	3
	Netto Kovid-19-aktief	3	2	1	1	1	0
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 12 Januarie 2022	0	0	1	1	1	1
	Herstel van Kovid-19	0	0	0	0	0	0
	Netto Kovid-19-aktief	0	0	1	1	1	1
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	3	4	4	
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 10 (12) Januarie 2022	3	3	4	4	4	4
	Herstel van Kovid-19	0	1	2	2	2	3
	Netto Kovid-19-aktief	3	2	2	2	2	1
	Self-isolasie: simptome en by die huis	0	0	3	4	4	0
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0

Ons deel graag kommentare soos opgestel deur ons skool se Kovid-beampte, mnr. Vosloo, en versoek dat ALMAL aan die reëlings gehoor sal gee:

Kovid-19-protokol

- Saniteer gereeld: Voor ELKE klas, saniteer ook eie skoolbank met eie saniteerder, saniteer voor badkamers besoek word en was hande sorgvuldig na gebruik van kleedkamers.
- Hou sosiale afstand van 1,5 meter: ook tydens pouses en op die paviljoen.
- Dra ALTYD jou masker.
- Moenie eet- en drinkgoed deel nie.
- Skandeer elke oggend.

Indien 'n leerder positief vir Kovid-19 toets:

- Stuur asb. 'n e-pos na covid@hsrandburg.co.za vir aandag mnr. Vosloo.
- Heg asseblief die **positiewe uitslag** by die e-pos aan. Dit sal dien as 'n regmatige aantekening van "afwesig" vir enige toetse of take wat gedoen moet word.
- Leerder moet dan vir tien dae by die huis isoleer.

Indien 'n leerder in kontak kom met persoon wat positief toets:

- Bepaal eerstens die aard van die kontak.
- Direkte en noue kontak behels:
 - 15 min in mekaar se geselskap sonder maskers.
 - Binne 1.5 meter van mekaar af vir dié 15 min – veral in 'n geslote of nie-geventileerde situasie.
 - Items wat gedeel word, bv. waterbottels.

Indien die leerder dus in **NOUE** kontak met 'n positiewe geval was, geld die volgende:

- Indien leerder simptome wys, moet hy/sy dadelik vir tien dae isoleer en ook 'n Kovid-19-toets laat doen.
- Laat weet asseblief vir mnr. Vosloo per e-pos dat die leerder vir tien dae gaan isoleer.
- Indien 'n leerder in direkte kontak met iemand was maar geen simptome toon nie, moet die leerder vir vyf dae isoleer en dan 'n "rapid toets" doen. Indien die toetsuitslag na vyf dae negatief is en die leerder geen simptome toon nie, mag die leerder terugkeer skool toe. ('n Minimum van vyf dae isolasie word derhalwe in sulke gevalle vereis.)
- Laat weet asb. vir mnr. Vosloo indien 'n leerder isoleer.

- Bevestig asb. met mnr. Vosloo die datum wanneer leerder mag terugkom skool toe.

Isolasie

- Indien enige leerder isoleer net om voorkomend op te tree, moet mnr. Vosloo in kennis gestel word oor die aantal dae wat die leerder gaan isoleer.

Toetse

- Indien 'n leerder self isoleer en 'n toets mis, moet die ouer/voog asseblief 'n kort brief óf e-pos na mnr. Vosloo stuur wat as afwesig sal dien. In geval van eksamen skep die skool 'n isolasielokaal waarin isolasie-gevalle in veiligheid hul eksamen kan aflê.

4. Buitekurrikulêre aktiwiteite

Ons hervat vanjaar ons volle sport- en kultuurprogram. Ons mag per byeenkoms 2000 mense in die buitelug akkommodeer en 50% van 'n binneshuise lokaal tot 'n maksimum van 1000 mense.

Dit beteken dat ons met die intrapslag al toeskouers by sportbyeenkomste en kultuuroptredes sal verwelkom – ouers ingesluit. Wees telkens asb. net geduldig met die toepassing van protokolle waartydens ALLE besoekers eers geskandeer moet word alvorens hulle die fasiliteit of lokaal mag betree.

5. Personeel 2022

Ons personeelwisseling van 2021 na 2022 was gering met die bedanking van slegs een opvoeder wat weens persoonlike omstandighede moes verhuis.

Ons verwelkom derhalwe in 2022 drie nuwe deeltydse opvoeders by ons skool. Hulle is mnr. Jaap Lagendyk wat Tegnologie sal gee, en mev. Céhanè Lubbe en mej. Kathy Ndlovu wat vir ons in die Engelse-department behulpsaam sal wees.

Verder het mej. Marianne van Staden in die huwelik getree en staan nou as mev. Van der Merwe bekend.

Mnr. Armand Erasmus het 'n dogtertjie ryker geword en ons wens hom en sy vrou baie geluk met die eersteling.

Mej. Olivia Mac Donnell het ook haar Honneursgraad verwerf. Baie geluk.

Mej. Marlé Aucamp het die pasafgelope naweek haar sussie verloor. Ons opregte medelye en simpatie met die gesin waarvan die Pa, Greg, ook 'n lid van ons beheerliggaam is. Mag ons Skepper julle dra in hierdie tyd.

6. Oueraande: Eerste kwartaal 2022

By voorbaat nooi ons u na ons jaarlikse oueraande wat in die volgende twee weke, soos op die kwartaalprogram aangedui, plaasvind.

Graad	Dag	Datum	Aktiwiteit	Plek
8	Woensdag	19 Januarie	Oueraand, inhuldiging en sosiale byeenkoms	Saal, LO-saal en vierkant
9	Donderdag	20 Januarie	Oueraand	Saal, LO-saal.
10 & 11	Maandag	24 Januarie	Oueraand	Saal, LO-saal
12	Woensdag	26 Januarie	Oueraand en registrasie-inligting vir eindeksamen.	Saal, LO-saal

Leerders woon asb. saam met hulle ouers die oueraande by. Almal behalwe die graad 8-leerders mag vir die vergaderings in siviele drag saam skool toe kom.

Ons beskou hierdie oueraande as verpligtend vir almal en doen 'n beroep op elke ouer en leerder om dit by te woon.

Dit is 'n eenmalige geleentheid waartydens ons graadspesifieke inligting met almal deel en waartydens graadhoofde en voogonderwysers ontmoet kan word.

Ons maak op u bywoning staat. Ons sal beide die saal en LO-saal gebruik om Kovid-19-protokolle te handhaaf.

7. Eerste toetsreeks

Op Donderdag, 20 Januarie skryf die graad 10-, 11- en 12-leerders 'n Engelse "*Base line assessment*"- toets waarvoor hulle nie kan voorberei nie. Terwyl hulle hierdie toets aflê, ontvang die graad 8- en 9-leerders voorligting rakende Barrett se taksonomie wat as riglyn gebruik word in die opstel van vraestelle in Engels.

Dit bemagtig die leerders om 'n goeie begrip te ontwikkel vir die soort eksamen vrae wat hulle in die hoërskool te wagte kan wees.

8. Matriekuitslae 2021

Uitslae word slegs by die skool op 21 Januarie 2022 bekend gemaak. Soos in die media vermeld, sal uitslae nie in koerante gepubliseer word nie sodat die Departement aan die "POPIA"-wetgewing kan voldoen. (Hangende hofaansoeke tot die teendeel.)

Kandidate kan vanaf 08:00 hulle uitslae by die skool se ontvangstoonbank kom haal.

9. Onderrigmodel vir 2022

Hoërskool Randburg se leerders gaan almal elke dag skool. Ons volg GEEN rotasierooster vir bywoning nie. Ons klasgroepe is klein genoeg dat sosiale afstand in elke klas gehandhaaf kan word. In geval van groter groepe word groter lokale gebruik. In graad 8 is daar 21 of 22 kinders in een klas. In graad 9 is daar 22 of 23 leerders in een klas en in seniorklasse word die klasgroottes deur die vakkeuses wat leerders gemaak het, bepaal. Die gemiddelde klasgrootte in graad 10 tot 12 is 17,3 leerders per klas.

Ons klasonderrigmodel word elektronies deur die gebruik van *Google Classroom* ondersteun. Op hierdie platform word aanvullende-leermateriaal, afbakenings, opsommings en ander geplaas

Nuwe leerders sal volgende week Randburg e-pos-adresse ontvang en kan dan by hul klasse op *Google Classroom* aansluit deur die instruksies soos op die Randburg Aanlyn-Leer-webwerf vervat, noukeurig te volg. Detail instruksie hieroor sal volg.

Afwesige leerders kan dan ook op *Google Classroom* die leerinhoud volg soos dit tematies of een maal per week deur die vakonderwyser geplaas word.

Assesserings kan ook aanlyn gedoen word en ons moes noodgedwonge in 2021 'n aanlyn-eksamen skryf wat 'n waardevolle leerervaring vir ons almal was.

Elke leerder MOET dus by sy eie klasse op *Google Classroom* aansluit.

Die skool voorsien gratis Wi-Fi aan ALLE leerders op die skoolperseel en met behulp van 'n slimfoon kan elke leerder op *Google Classroom* inskakel. 'n Skootrekenaar of gewone rekenaar met internet-koppeling maak dinge net makliker by die huis.

Ons beoog om leerders met 'n kwaliteit leerervaring te bedien deur hierdie geïntegreerde onderrigmodel te volg.

WhatsApp-vakgroepe word ook gestig om kommunikasie met leerders te verbeter.

10. Na-uurse of te wel 8'ste vakke

Hoërskool Randburg bied verskeie na-uurse vakke aan vir leerders wat graag meer as hul minimum vereiste sewe vakke sou wou neem. 'n Detail omsendbrief sal gepubliseer word waarin die hele proses rondom hierdie na-uurse diens beskryf sal word. Dit word aangebied teen 'n koste aan die kliënt ten einde die vakonderwyser teen 'n minimum skaal te kan vergoed vir die ekstra dienste gelewer.

11. Ekstra klasse

Gratis ekstra klasse word by die skool aangebied. Hierdie is groepsklasse in spesifieke vakke en word op 'n vaste roosterbasis aangebied. Leerders wat nie na wense presteer in hierdie vakke nie, móét van hierdie diens gebruik maak. Volledige inligting sal versend word sodra die klasse begin.

12. SAU

SAU staan vir die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid. Vanuit hierdie sentrum word ons skool se akademiese aanbod gefasiliteer. Hier is ook hulp op aanvraag beskikbaar en leerfasilitering vir individue en/of groepe leerders word hier aangebied.

Ons akademiese hoof, mev. Mans, se kantoor is in dié sentrum asook ons hoof van leerderaangeleenthede, mev. Van Zyl. Indien daar enige probleme rondom akademie, leerder-emosionele welstand en leerderoptrede voorkom, word u uitgenooi om dadelik met die betrokke personeel te skakel.

Vakkeuse in graad 9 word vanuit die sentrum op 'n uiters professionele vlak bestuur.

Direkte trauma-berading word ook hier hanteer waarna dit vir prosesberading na buite instansies en/of persone verwys word.

Die SAU is die leerder se een-stop-dienssentrum waar hy/sy gehelp kan word.

13. Akademiese verslag aan ouers

Na afloop van elke kwartaal ontvang die ouer 'n rapport met 'n aangehegte punteverslag wat die detail van alle assesseringsmomente wat die rapportpunt bepaal, vervat. Hierdie unieke diens gee baie betekenis aan 'n rapportpersentasie en verseker sinvolle gesprekke met die student oor sy/haar vordering en prestasie in die betrokke vak.

Vakspesifieke oueraande word dan ook gehou waartydens die ouer by wyse van 'n afspraak met die betrokke vakonderwyser in gesprek kan tree.

Vakonderwysers kan ook van tyd tot tyd soos wat die behoefte ontstaan direk met die ouer in verbinding tree.

Direkte gesprekke met onderwysers word deur die akademiese hoof óf deur die skoolhoof gefasiliteer. Dit word buite klastyd gedoen wat beteken dat geen ouer 'n onderwyser ontydig by die klas met enige uitdaging kan konfronteer nie. Ons hou skakeling met die kind professioneel en opbouend as eerste oorweging in enige gesprek.

14. Voorkoms van leerders

Ons versoek dat alle leerders sal konformeer aan ons skoolreëls oor skooldrag en gedrag. Ons vereis dat elke Randjie sy/haar skoolklere met trots sal dra en dat hare, naels ens. sal wees soos ons in die skoolreëls vereis. Hier maak ons staat op die leerder se selftrots en ons ouers se ondersteuning. Verseker asb. dat alles reg is voor die leerder by die skool afgelaai word. Daardie stukkie dissipline is

van groot waarde in die persoonsvorming van elke leerder wat hom/haar sal onderskei van ander in jare om te kom.

TROTS en WERKSETIEK kan nie gekoop word nie.

Dit moet aangeleer word.

15. Afwesighede


Ons moet daaglik aan die Departement van Onderwys verslag oor leerder-afwesighede lewer. Indien u kind afwesig is versoek ons dat u asseblief daaglik teen 08:00 die aanlyn afwesighedsvorm sal voltooi. Die vorm is by <https://bit.ly/HSRBDV2020> beskikbaar. Let asseblief dat u kind se unieke toelatingsnommer gebruik moet word om die vorm te voltooi. Ons sal hierdie nommer weer by die oueraande voorsien en dit is ook beskikbaar op u rekeningstaat onder leerder-inligting. Hierdie proses maak die daaglikse teenwoordigheidskontrole baie akkuraat en derhalwe maak ons staat op elke ouer se samewerking

Slot:

"'n Randjie gaan lê nooit." Ons mag nooit ophou of moed opgee wanneer ons iets doen nie. Wen of verloor, 'n Randjie doen sy beste tot die eindfluitjie blaas. Ons werk baie hard vir dit wat ons wil hê en doen altyd ons beste. Ons strew e ook daarna om elke dag beter te wees as wat ons gister was. Ons is uiters kompetend met verwysing na ons eie prestasie.

Vanjaar sê ons ook: *"'n Randjie maak 'n verskil."* Randjies is bewus van mense en dinge om hulle en doen dinge wat die lewe vir ander mense soms beter maak. By die skool neem elke Randjie ook só deel dat hy/sy 'n daadwerklike bydrae tot die skool lewer. Randburg is **ons** skool, en **saam** werk en **bou** ons aan 'n instansie waarop ons **ALMAL TROTS** gaan wees.

Mag die **Bou Masjien** vir elkeen in 2022 'n inspirasie wees.



P/BOOYSEN: Hoof